# Waterberg se kuiernaweek was baie geslaagd

Waterberg het 'n baie geslaagde kuiernaweek by Emmarentia Geldenhuys aangebied vanaf 11 – 13 Maart 2011. Die streek se voorsitter, Mel Ueckermann, het gesê dat daar 35 woonwaens was en dat hulle bevoorreg was om die Presidentspaar van SAWA, Nico en Sarie Spaumer, by hulle te hê. Ander lede van die NUB wat saamgekamp het was Fanie (nasionale penningmeester en gebiedsvoog) en Berta Jordaan, Willie (nasionale sekretaris) en Elma Bronkhorst asook Pieter (gebiedsvoorsitter) en Johanna van Biljon. Benewens die 15 woonwaens van Waterberg was daar 12 van Kiepersol en drie van Jukskei asook twee gaste. Mel het vervolg:

"In samewerking met Dirk Kloppers (terreinbestuurder) en sy span, het Streek Waterberg voor die saamtrek hulle 'Span Ablusie' ingestuur (Dinsdag) en die ablusies is uitgeverf, geskrop, gerepareer en alle instandhouding op datum gebring. Ons dames van 'Span Ablusie' het dan ook nuwe stortgordyne, vullisblikkies, toiletoortreksels ens. bygebring en ons was trots om te wys wat kan gedoen word met 'n bietjie beplanning en harde werk.



*Du Preez, Hennie, Hendrik , Mel en Jantie maak die braaivleisvure gereed*







*Kyk hoe mooi lyk die ablusiegeriewe nadat "Span Ablusie" daarmee klaar was*

"Die Kiepersol en Waterberg senior burgers, asook ons SAWA-President, het Woensdag al gearriveer. Vrydag het ons gaste begin aankom. Ongelukkig was daar 'n ernstige ongeluk op die snelweg naby die Mantsole Weegbrug (30 km buite Warmbad). Louwtjie en Linda de Jager van Kiepersol het eers tienuur daar aangekom na ses uur op die pad. Dis nou deursettingsvermoë!

"Vrydagaand hou Frieda Burger boekevat en daarna bied Kiepersol hamburgers aan; dit was baie lekker!!!! Na die 'Hamburgers' het Schalk Nolte sy 'Musiekaand' aangebied en daar is lekker gelag.



Die span bestaande uit Johann Lemmer en Frieda Burger (links) ken hulle musiek en tree as die wenners uit !!! (Mel en sy span het ons net-net nie ingehaal nie -JL)



"Saterdagoggend hou Floors Steenkamp boekvat, Die 'Waterbergers' was vroeg besig om pannekoek te bak en verkoop en daarna is die marktafel goed ondersteun. Toe was daar tyd vir kuier.



*Mel Ueckermann saam met pastoor  Hentie Ellis en sy seun Walter*

"Terwyl 'n hele klompie kampeerders Saterdagmiddag die lafenis in die swembad opgesoek het, het 'Span Braai' oorgeneem en die braaivure is gepak asook die vier kegels gelaai met hout wat oom Willem en tannie Ellie geskenk het. Schalk Nolte verskaf ligte agtergrondmusiek en die 'ambiance' is geskep; ons het baie lekker gekuier. Willem en Maria Nordeje het ook by ons aangesluit sowel as pastore Hentie en Edna Ellis met hulle seun Walter en sy vrou Nicole.



*NUB-lede Pieter van Biljon, Nico Spaumer, Willie Bronkhorst en Fanie Jordaan*

"Sondagoggend het pastoor Edna Ellis die erediens gehou. Sy het haar boodskap gefokus op die belangrikheid van gebed – dankie Edna. Daarna het Nico Spaumer Doep en Anna du Pisanie ingehuldig as nuwe Waterberglede; dit was 'n pragtige geleentheid", aldus Mel.

Streek Kiepersol en satelliet Jukskei het hulle gelukwense en waardering teenoor die Waterbergers uitgespreek vir 'n uiters suksesvolle naweek. Hulle gasvryheid en meelewendheid het dit 'n onvergeetlike geleentheid gemaak. Hierbenewens was die ablusieblok "spotless" en die "ambiance" wat Saterdagaand geskep is het die atmosfeer onvergeetlik gemaak. Alles het seepglad verloop en Mel en sy "spanne" het werklik gewys hoe dit gedoen word. As hierdie saamtrek 'n naam moet kry behoort dit "Saamtrek Ambiance" te heet.



*Vuur skep "ambiance"*

***Foto's geneem deur Johann Lemmer***



*Willem en Maria Nordejé op hulle ysterperd nadat hulle Saterdag by ons gekuier het*